INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

SPIEËLWEBWERWE TOT JOU BESKIKKING

Het jy geweet daar is sekere webwerwe waartoe jy plaaslik toegang na kan kry sonder dat jy nodig het om Inetkey te gebruik? Hierdie webwerwe staan bekend as spieëlwebwerf, of te wel `n "mirror site".

In die rekenaaromgewing is `n "mirror" `n presiese kopie van `n datastel en op die internet is `n "mirror site" die presiese kopie van `n ander internetwebwerf. Spieëlwebwerwe word gereeld gebruik om veelvuldige bronne van dieselfde inligting te verskaf en is veral voordelig as betroubare toegang tot groot aflaaibare leêrs. "Mirroring" is in kort dus `n tipe leêr sinkroniseringsproses waar die aktiewe spieëlwebwerf opdateer word sodra die oorspronklike webwerf verander.

Maar hoekom is dit nodig dat daar meer as een weergawes van dieselfde webwerf is? Enkele redes hiervoor is:

1. *Om die bestaande weergawe te bewaar, veral as dit gesluit is of gesluit gaan word.*
2. *Sodat gebruikers vinniger inligting kan aflaai as dit plaaslik is. (`n Amerikaanse bediener kan byvoorbeeld `n spieëlbeeld hê in Japan sodat Japanese internetgebruikers vinniger data kan aflaai.)*
3. *Toegang tot andersins onbereikbare inligting. (Google is byvoorbeeld verban in China in 2002 en `n spieëlwebwerf elgooG is daargestel om steeds toegang te gee.)*
4. *Om ouer inligting te argiveer wat te duur word om te huisves op die hoofwebwerf.*
5. *Om die lading in internetverkeer te verlig.*

Voordat jy dus groot leêrs en sagteware aflaai vanaf `n internasionale webwerf en jou internetrekening opjaag, maak eers seker dat daar nie `n plaaslike weergawe is nie. Die volgende klompie webwerwe is teen geen onkoste beskikbaar vir jou:

`n Verskeidenheid sagteware is beskikbaar by http://support.sun.ac.za

MIT OpenCourse Ware: http://ocw.sun.ac.za

Mirror server vir linux: http://ftp.sun.ac.za

Mirror dienste gratis beskikbaar via TENET: http://www.mirror.ac.za

Bekendste linux distros is beskikbaar (Ubuntu,Debian, Fedora, Opensuse, Mandriva ens.)

Volledige Programeringstale mirrors is beskikbaar by:

CPAN (perl): http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/ftp.funet.fi/pub/languages/perl/CPAN/

CTAN (Tex/Latex): http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/ftp.dante.de/tex-archive/

Python: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/ftp.python.org/

Wiskundige tale:

SageMath: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/www.sagemath.org/

Scilab (http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/scilab/www.scilab.org/

R http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/cran.za.r

Octava http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/octave

Oopbron sagteware:

sourceware.org: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/sourceware.org/pub/

Gratis Officepakket:

LibreOffice: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/libreoffice/

OpenOffice: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/openoffice/

Aflaaibare antivirus opdaterings:

Mcafee: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/ftp.nai.com/

Symantec: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/ftp.symantec.com/public/

english_us_canada/antivirus_definitions/norton_antivirus/

Adobe Reader: http://ftp.sun.ac.za/ftp/pub/mirrors/ftp.adobe.com/

BRON: www.wikipedia.org

Posted in:Algemeen,Internet | Tagged:Aflaaibare Leêrs,Hardeware En Sagteware Dienste En Ondersteuning,Internet,Mirror Sites,Selfhelp | With 0 comments